

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

11 April 2009

Groentesaad wat nou geplant kan word is Boerbone, kopkool, geelwortels, beet, radyse, rape en nou is die laaste maand vir uie.

- Groente saailinge is slaaiblare, koolgewasse, uie en spinasie.
- Rose het nou nog baie swartvlek en poeieragtige meeldou. Jy kan nou nog jou rose teen funguses behandel, maar ek stel voor om nou met die behandeling baie van die blare af te haal en dit nog nie terug te sny nie.
- Verskeie aalwyne het nou dopluis siektes, maar jy kan dit behandel met Oleum wat die dopluise versmoor.
- Nou is ook die regte tyd om koelseisoen grassade te plant want die koelseisoen grasse groei beter in die koeler herfs en lente as in die koue winter of warm somersmaande.
- Hier is 'n wenk vir mense met groente of kruietuine. Plant pronkertjies in die beddings en wag vir so 'n maand tot die plante so ongeveer 10cm hoog is. Dolwe die plante dan blare en al weer in die grond in. Die ertjies bind die stikstof in die grond en stel dit dan aan die nuwe saailinge vry.

As jy jouself baie tyd en moeite wil spaar raak eerder nou daarvan ontslae voor dit 'n probleem word of die probleem dalk groter word.

tuis&home

EFEKTO For Life